EFFICIENT GROUP

- Dawie Roodt

21 Julie 2019 - Rapport

WAT IS DIE GEHEIM VAN SUKSES?

Ek en my span is tans besig met 'n vergelykende studie waar ons sekere veranderlikes, soos inkomste, lewensverwagting en dies meer, van Suid-Afrika die afgelope dekade of twee teenoor ander lande vergelyk. Soos verwag vaar Suid-Afrika baie swak en is ons in vele opsigte besig om agteruit te boer.

En ek wonder hoekom?

Dis natuurlik maklik en ook korrek om 'n destruktiewe ANC-koalisieregering grootliks die skuld te gee. Maar my vraag is eintlik waarom party lande "werk" en ander nié. Ek ken 'n paar politici en ek is oortuig dat selfs die korruptes onder hulle nie 'n begeerte het om die land ekonomies te sien ondergaan nie.

So waarom gebeur dit dan?

Ek is nie seker nie, maar hier is 'n paar gedagtes.

'n "Ekonomie" kan slegs bestaan wanneer mense onder mekaar handel dryf. Elke transaksie skep "ekstra" waarde, want sowel 'n vrywillige koper as 'n verkoper wen wanneer handel plaasvind – anders sou hulle nie die transaksie beklink het nie. Daarom is gereelde en maklike handel 'n kenmerk van suksesvolle lande.

Maar handel is nie moontlik indien persone nie iets het om te verhandel nie en die bestaan van goedere (of dienste) is nodig voordat handel kan plaasvind.

En iets kan slegs verhandel word indien eienaarskap bestaan en verwissel kan word.

Eiendomsreg, en die beskerming daarvan, is dus 'n voorvereiste vir handel.

Dit is so dat persone gereeld namens ander handel dryf, maar persoonlike eiendomsreg, direk of indirek, is altyd 'n voorvereiste vir optimale handel.

Maar persoonlike eiendom is weer 'n gevolg van rykdom en rykdom is eintlik maar net geluk, selfvoldoening en 'n gevoel van vergenoegdheid wat gewoonlik bereik word in 'n omgewing van relatiewe materiële oorvloed.

Ryk(er) mense is gelukkig en arm(er) mense is ongelukkig.

Ongelukkig word rykdom gereeld net gesien as iets materieels, iets fisieks, iets wat gevat en (her-)verdeel kan word.

Terwyl werklike standhoudende materiële rykdom die gevolg is van 'n spesifieke resep wat sekere waardes, morele kodes, 'n spesifieke ingesteldheid, deursettingsvermoë en dissipline insluit. Kom ons noem dit die spelreëls.

81 Dely Road, Hazelwood, Pretoria, 0081 +27 (0)87 944 7999 info@efgroup.co.za www.efgroup.co.za

EFFICIENT GROUP

- Dawie Roodt

WAT IS DIE GEHEIM VAN SUKSES?

Materiële rykdom is nie die oorsaak van alles wat goed is nie, dit is die gevolg van die regte spelreëls, wat weer belangrik is vir die bereiking van 'n gelukkige en suksesvolle samelewing.

Daarom is rykdom so 'n frustrerende konsep vir sosialiste en geweldenaars. Hulle besef die waarde van materiële voorspoed, maar telkens wanneer hulle daarop beslag lê, verdwyn dit, want materiële rykdom kan nie bly bestaan sonder die spelreëls nie.

En selfs al besef die plunderaars dat rykdom nie sonder die spelreëls kan bestaan nie, dryf hul afguns en hul eie onvermoë hulle telkemaal om eerder die rykdom van ander te vernietig as om self die spelreëls na te kom.

Ons moet onthou dat rykdom nie die "natuurlike" toestand van die mens is nie, armoede is. Deur die geskiedenis was mense bykans altyd arm en was oorlewing 'n harde en brutale stryd.

Die werklike ongelykheid tussen mense is nie die ongelykheid tussen inkomste nie, werklike ongelykheid is die ongelykheid tussen die bydrae tot die welstand van die mensdom.

'n Klein groepie mense met fantastiese ontdekkings, deurbrake, vernuf en harde werk oorskadu die meerderheid in hulle bydrae tot die ongekende voorspoed en vooruitgang vir die res van die mensdom.

Dit is reeds daardie klein groepie entrepreneurs wat beswadder, belas, verjaag en oorgereguleer word. Hulle kom wel die spelreëls na tot voordeel van ons almal. En dit is reeds daardie groepie wat die land toenemend verlaat.

Maar die ironie is dat die geweld en diskriminasie teenoor ons entrepreneurs eintlik 'n onreg is teenoor die talentvolle armes wat verhoed word om ook ryk te word. Deur rykes te ondermyn, word voornemende rykes benadeel en verdoem tot armoede.

Hoë belastings, onteiening van eiendom en oordadige regulasies maak nie rykes arm nie – hulle emigreer, maar dit verhoed armes om ryk te word.

81 Dely Road, Hazelwood, Pretoria, 0081 +27 (0)87 944 7999 info@efgroup.co.za www.efgroup.co.za